

Vrydag 27 April

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:13-17

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:15

Staan vas en gryp vas!

Om op jou punt te staan of grypsugtig te wees, is egoïsties, en daarom verkeerd – be-halwe as dit om die wederkoms van Christus gaan. Dan moet jy vasstaan en vasgryp.

In 'n tyd van baie sienings, menings en dwalings kan jy elke dag op loop gaan in 'n ander rigting. Die misleiding loop soos 'n energiestroom van Satan.

Die aansporing om in hierdie tye vas te staan en vas te gryp, word begrond op kort dog-matiek. Die heilsorde in die kleine (:13, 14). In sy liefde het God ons gekies. Hierdie uitkies stel God in werking deur die roep van die evangelie waarin die Heilige Gees die redding van Jesus werklikheid maak om ons tot geloof te bring. In die proses waarin die Gees ons tot geloof bring, sit Hy ons opsy as volk van God wat aan Hom diensbaar is, sodat ons deel sal hê aan die heerlikheid (die glorieryke oorwinning en koninklike mag) van Jesus Christus.

In net twee verse word God se pad van heil, vanaf sy besluit voor die skepping van die wêreld tot met die wederkoms van Jesus, verkondig. En daarom: Staar in hierdie pad van heil vas. Gryp hierdie waarheid met beslistheid vas.

Is hierdie vasstaan en vasgryp egoïsme? Nee, want die oproep word juis opgevolg met gebed (:16, 17), dat God en Jesus ons sterk maak in goeie woorde en daede. In diens aan God en in getuienis teenoor die wêreld. Want dis die pad wat vanaf die eerste brief aan die gemeente reeds uitgewys word: volgelingen van Christus, voorbeelde vir ander gelowiges, getuies na die wêreld (1 Tess. 1:6-8).

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)